Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Bronwyn Calvert**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Bronwyn.Calvert@westerncape.gov.za | 021 467 2994

Lêerno.: 20/3/P
Verwysing: 20230517-4391

Eksamenadministrasieminuut: 0008/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Prosedures vir die bestuur van Musiek Vraestel 2 (P2) (Begrip) gedurende die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)/Senior Sertifikaat- (SS-) eksamen in Mei/Junie 2023**

1. Musiek Vraestel 2 (P2) (Begrip) sal op 12 Junie 2023 geskryf word. Die vraestelle en die kompakskyf (CD) met die verskillende musieksnitte sal gedurende die week van 07 Junie 2023 versend word.

2. Die CD met musieksnitte sal <u>apart</u> van die vraestel in 'n koevert wat met borrelplastiek uitgelê is, <u>verpak</u> en dan binne-in die bruin kartonbokse wat die swart seilsakke bevat, verpak word.

3. Sodra die bruin kartonbokse afgelewer word, moet dit <u>onmiddellik</u> na 'n veilige area, soos die prinsipaal/hoofopsiener se kantoor, geneem en oopgemaak word. Die besending moet dan noukeurig gekontroleer word.

4. Die sessie se swart seilsakke, wat die vraestelle en koevert wat met borrelplastiek uitgelê is, bevat, moet onmiddellik in die kluis/instapkluis gestoor word.

5. Sodra die CD met musieksnitte ontvang word, moet dit vóór die eksamen op **12 Junie 2023** getoets word. Die musiekonderwyser moet die CD met musieksnitte in die teenwoordigheid van die hoofopsiener op klanktoerusting wat gedurende die eksamen gebruik sal word, toets. Elke musieksnit moet getoets word. As die CD met musieksnitte foutief is, moet **me. B Calvert dadelik by 021 467 2994 gekontak word**.

6. Die volgende prosedures vir die bestuur van Vraestel 2 (P2) van die Musiek-eksamen moet nougeset **op die eksamendag gevolg word:**

6.1 Die CD met musieksnitte en die CD-speler moet weer getoets word. Hierdie toets moet een uur voor die aanvang van die eksamen gedoen word. Maak asseblief seker dat die onderwyser wat die CD-speler gedurende die eksamen gaan gebruik, vertroud is met die funksies daarvan.

6.2 Die vraestel verskaf duidelike instruksies oor **hoeveel keer die musieksnitte gespeel moet word**, en geen afwyking hiervan sal toegelaat word nie. Kandidate mag nie versoek dat die musieksnitte meer kere herhaal word as wat in die vraestel se instruksies gestipuleer word nie.

6.3 Alle kandidate moet vir die volle duur van die eksamen in die eksamenlokaal bly, ongeag of hulle die eksamen voor die afsnytyd voltooi het.

6.4 Die eksamen moet onder die toesig van die hoofopsiener afgeneem word.

7. Dit is belangrik dat gebeurlikheidsplanne in plek moet wees indien geskeduleerde en ongeskeduleerde kragonderbrekings plaasvind, sodat die eksamen steeds kan voortgaan.

8. In die geval van enige gebeurlikheid, moet die skool die toepaslike protokolle implementeer om te verseker dat alle kandidate die eksamen op die dag voltooi.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die musiekonderwyser/s en hoofopsiener.

**GETEKEN**:H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-05-24